# DIE OMGEEGEMEENTE
NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

**24 Julie 2022**


**BORG**

**van die maand**

JACOBS
Accounting • Tax • Advisory

*Accounting
*Tax
*Advisory

**Jaco Jacobs**

**082 040 4980**

jacojacobs@jacobsaccontants.co.za

SAIPA
YOUR WEALTH

Professional Accountant (SA)
Registration Number 6974
Professional Tax Practitioner (SA)
Tax Practitioner Reference
Number PR-1851085

**Kantoor:**
**Main Road 210**
**Somerset-Wes**


## Gebedsonderwerpe

- Die nuwe skoolkwartaal – bid dat dit sonder ontwrigting sal verloop. Bid vir skoolhoofde en onderwysers – vir toewyding aan die leerders en aan hulle opvoedingstaak. Bid dat leerders hulle onderwysers sal respekteer.
- Vir regerings oor die wêreld wat die groeiende klimaatskrisis moet hanteer. Bid vir wysheid en gewilligheid om goeie besluite te neem.
- Vir almal in ons gemeente wat siek is en ook vir hulle versorgers. Bid vir hulle geestelike welsyn – dat hulle te midde van die druk van siekte die vrede van God sal ervaar.
- Bid vir almal wat saamwerk vir die Sop- en Poedingaand. Bid dat dit 'n geleentheid van warm samesyn sal wees.

Hannetjie Gericke: hannetjiegericke@gmail.com

## JULIE se deurkollektes

03 Jul: Gemeentebediening – R1 017
10 Jul: Projekte 2022/23 – R735
17 Jul: Robertson Kinderhuis – R1 666
24 Jul: Bybelmedia
31 Jul: Sinode: Gemeentebediening

## DANKOFFER BETALINGS:

**1. Elektronies/internet bankdienste:**

| | |
|---|---|
| Rek naam: | NGK Somerset-Wes |
| Bank: | ABSA |
| Tipe rek: | Tjekrekening |
| Rek nr.: | 2900 590 132 |
| Takkode: | 632 005 |
| Verwysing: | Dankoffer/Kollekte |

**2. Snapscan:**

SnapScan
Snap here to pay
Works with

**3. Kontantinbetalings & koeverte:**
Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofoffer koeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word. Dié posbus word 1x per week leeg gemaak.

**4. Debietordervorms:** Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787.

## Oggenddiens 09:30

Baie welkom by ons erediens. Dis vandag die eerste Sondag na die skoolvakansie en daarom begin ons kategese vir die nuwe kwartaal en sal ons weer tee/koffie drink na die erediens. Na die lang inperkings, het ons nodig om maskerloos vir mekaar weer beter te leer ken. Kom stel jouself bloot aan ander, asb. Almal is welkom daar. Ons staan tydens die erediens stil by Lukas 11:1-13 en gesels oor gebed en die rol wat dit speel in ons verhouding met die Here en ons leefstyl in gehoorsaamheid aan- en verheerliking van Hom. Mag die Here ons vandag seën met sy heerlike teenwoordigheid.

***Ons wil tog weer mense wat in die omgewing woon en aanlyn ingeskakel is, vra om weer die eredienste fisies by te woon ter wille van die saamwees.*** **Roete na gestroomde eredienste:** Besoek die webwerf by https://ngkerksomersetwes.co.za/ **ÓF** gaan na Youtube en tik in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes". Die jongste erediens sal bo-aan die blad beskikbaar wees vanaf kort voor die eredienstyd.

## Meditatiewe diens, 24 Julie 08:00

## Gesinsdiens, 24 Julie 09:30 kerksaal

## Manne Reisgesprek Vrydagoggende

Volgende geleentheid: **29 Julie 2022**
* Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *
Ons behandel James Bryan Smith se
**"The Good and beautiful God"**

## Voorbidding

- **Fritz Kirstein,** met Maretha se afsterwe.
- **Isie Heigan,** beroerte.
- **Werner & Tania Schultz**, met klein René se afsterwe.
- **Linette Dudley**, met Valdor se afsterwe.
- **Marius Steyn**, voetoperasie.
- **Suzette Posthumus** se kleinseun Albert, wie se skedel gekraak is.
- **Christal Erasmus,** pols gebreek.
- **Cecile vd Poel,** voetoperasie.
- **Martie Grové,** geval.
- **Dave Wilson,** behandeling.
- **Anschen van Zyl,** herstel na hospitalisasie.
- **Piet Maritz,** herstel na operasie.
- **Freddie Stockigt**, sterk tuis aan na knievervanging.
- **Stella vd Westhuizen,** terminaal.
- **Bets de Klerk,** terminaal.
- **Cecile Maree,** gesondheidsprobleme.
- **Elize Basson**, broos – sukkel met haar gesondheid.

## Bybelstudie Woensdae

03/8: 10:00 – Kosmos
27/7: 18:00 - Patmos

## Gebedsgroep Woensdae

27 Julie – 09:00 in die konferensiekamer.



*Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!*